

## Ons gaan Hom sien! (OP30)

### Openbaring 21:26, 22:3-5

28 Februarie 2021

Vandag is dit die laaste keer dat ons na die nuwe Jerusalem kyk. Ons het die afgelope weke na verskeie aspekte van die nuwe Jerusalem gekyk – vandag hoop ek om dit in ‘n seker sin bymekaar te trek, en ek vertrou dat dit werklik opbouend sal wees, en dat ons almal opgewonde sal wees oor wat God aan ons openbaar.

Ek wil by twee sake stilstaan: (1) Op 22:4a sê: “Hulle sal Hom sien” – wat beteken dit? (2) Wat gaan die reaksie van gelowiges wees as hulle Hom sien?

#### Hulle sal Hom sien (Op 22:4a)

Die eerste vraag wat ons moet vra, is: Wie is die “hulle”? Die res van die vers gee vir ons ‘n aanduiding van wie dit is: “en Sy Naam sal op hulle voorkoppe wees”. Ons het al verskeie kere na Op 3:12 verwys waar Jesus beloof het dat Hy op elkeen wat die oorwinning behaal, God se Naam, Sy eie nuwe Naam en die naam van die nuwe Jerusalem sal skryf. Dit moet dus al hierdie oorwinnaars wees van wie ons hier lees. Voeg verder by dat Op 21:27 leer dat net die mense wie se name in die boek van die lewe staan in die Nuwe Jerusalem sal wees, en dit is nog duideliker dat ons hier te doen het met al die gelowiges uit al die stamme, volke, tale en nasies.

Die volgende vraag is na wie verwys die “Hom”? Vers 3 sê daar gaan niks wees wat deur God vervloek is nie, en boonop dat die troon van God en die Lam in die nuwe Jerusalem gaan wees. Die gevolg is dus dat dit God en/of die Lam moet wees wat die gelowiges gaan sien. Ons het laasweek gesien hoedat daar telkens verwys word na God en die Lam wat die tempel is, die lig is en uit wie se troon die rivier met die water van die lewe vloei. Daar is deurgaans die fokus op God en die Lam – hulle tree voortdurend saam op. Ons het hier een van die plekke in die Bybel waarna jy kan kyk om die Godheid van Christus en die eenheid tussen die Vader en die Seun te verdedig. Ek wil dus sê die “Hom” is God en die Lam.

Die verstommende is nou dat ons lees die gelowiges gaan God en die Lam sien. Hoekom is dit verstommend? Wel, onthou Moses het in Eks 33:18-20 gevra dat hy die heerlijkheid van God mag sien, maar God het gesê dat geen mens Sy heerlijkheid mag sien en bly lewe nie. Maar nou, nou dat die gelowiges in heerlijkheid is, is dit juis wat gaan gebeur! Dit was nie net Moses wat daarna gesmag het nie. In Ps 27:4 het Dawid dieselfde begeerte: “Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here, om die lieflikheid van die Here te aanskou en te ondersoek in sy tempel”. Jesus het egter in die bergpredikasie al geleer dat ons die verwagting mag hê dat dit sal realiseer vir die wat rein van hart is: “Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien” (Mat 5:8, OAV). Dit is tog so dat die gelowiges rein sal wees as hulle in die nuwe Jerusalem is. In 1 Joh 3:2b sê Johannes: “Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is”.

Die vraag is nou: Wat is dit wat ons gaan sien? Gaan ons God sien? Maar God is tog Gees, en dus nie met die menslike oog sigbaar nie. Gaan ons die Lam sien? Wel, Jesus het opgevaar met sy verheerlikte liggaam, en Hy gaan terugkom soos wat Hy opgevaar het – so ek glo ons gaan Jesus in Sy verheerlikte liggaam sien. Maar miskien het 1 Joh 3:2 die sleutel: “Ons gaan Hom sien soos Hy werklik is” Hoe is God? Hy is soos Sy karakter is. Hy is almagtig, liefdevol, genadig, regverdig, heilig, en noem maar op. En Hy tree op soos Sy karakter is, soos Hy is. Sy werke wys dus hoe Hy is. Onthou nou wat ons reeds in Op 21 en 22 gelees het. Wat is wat ons kan verwag om te sien?

- Ons gaan die nuwe skepping sien – sonder ‘n enkele doring of dissel. Dit gaan volmaak wees, soos wat God volmaak is. Dit gaan ‘n toonbeeld wees van God se almag, krag en wysheid.
- Ons gaan die stad, die nuwe Jerusalem sien – d.w.s. ons gaan die gelowiges sien, met hulle bruilofsklere aan, gewas in die bloed van die Lam, en op hulle voorkoppe die name van God, die Lam en die nuwe Jerusalem. Trouens, ons gaan self persoonlik deel wees daarvan. Ons gaan ‘n toonbeeld wees van al God se karaktereenskappe wat in Sy verlossingsplan na vore kom.
- Ons gaan die muur sien – toonbeeld van God se getroue en ewige bewaring.
- Ons gaan die poorte in die muur sien – toonbeeld van die nuwe lewende weg wat die Lam vir ons berei het.
- Ons gaan die fundamente van die muur sien – toonbeeld van God se getrouheid deurdat Hy die beloftes wat Hy deur die profete en die apostels gemaak het, volmaak en akkuraat vervul het.
- Ons gaan nie die tempel sien nie – maar ons gaan sien dat God en die Lam by ons woon.
- Ons gaan die troon van God sien – nie die beperkte gesig wat Jesaja en Esegïël gesien het nie, maar wel in al Sy heerlijkheid.
- Ons gaan die rivier met die water van die lewe, en die boom van die lewe sien en daarvan drink en eet – toonbeeld van God se versekering dat ons ewig daar gaan bly.
- God en die Lam se heerlijkheid sal in alles sigbaar wees, soveel so dat hierdie heerlijkheid selfs die son dof sal laat lyk. Trouens die heerlijkheid van God en die Lam sal selfs in ons verheerlikte liggame duidelik wees.

God gaan werklik alles wees, en in almal. Hy sal orals sigbaar wees – en dus sal ons Hom sien soos Hy werklik is!

### Die reaksie van gelowiges

Ons lees van twee reaksies by die mense wat daar gaan wees en dit alles gaan sien: (1) Op 22:3b sê Sy dienaars gaan Hom dien, en (2) Op 22:5b (OAV) sê hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

Kom ons kyk eers na “Sy dienaars gaan Hom dien”. Let op, al is die gelowiges dan in heerlijkheid, is hulle steeds dienaars of diensknegte van God. God is steeds God, en hulle is steeds mense/skepsele. Hulle is steeds God se dienaars, en hulle sal vir ewig dienaars bly. Ons het alreeds in Op 21:24 en 26 iets gelees van hierdie dienswerk: die konings en die nasies bring hulle heerlijkheid en eer in die nuwe Jerusalem in (OAV). Beale sê in sy kommentaar dat ons nie hieronder moet verstaan dat hulle hulle eie heerlijkheid en eer bring nie, maar eerder dat hulle die persone is wat die heerlijkheid en eer bring. Die heerlijkheid en eer wat hulle, bring is die heerlijkheid en eer wat aan God behoort. Dit is so dat elke keer wat daar in Openbaring gepraat word van heerlijkheid en eer, is dit God se heerlijkheid en eer wat bedoel word. Kyk maar na Op 5:11-13 (ook Op 4:9,11) waar die engele en die hele skepping God se heerlijkheid en eer besing.

Lees Jes 60:5-11 (OAV). Onthou, ons het laasweek ook na Jes 60 gekyk, en gesien hoedat dit die heerlijkheid van God is wat hierdie toekomstige Jerusalem sal verlig, en nie die son en die maan nie. Maar let op hoe ons nou hier lees dat hierdie skatte aangebring word van oor die hele wêreld na Jerusalem toe, en daardeur verkondig hulle die roemryke dade van die Here (vers 6), word God se huis heerlik gemaak (vers 7) en hulle doen dit ter ere van God wat hulle heerlik gemaak het (vers 9). Lees ook Jes 61:6. Let op hoe word hierdie mense beskryf as hulle al hierdie eerbetoning na God toe bring – hulle is priesters van God, dienaars van God! As Op 22:3 dus die reaksie van die gelowiges

beskryf as diens aan God, moet ons raaksien hulle tree as priesters op wat aan God offers van lofprysing bring oor wie Hy is en wat Hy doen.

Kom ons kyk ook na die feit dat hulle as koning sal regeer vir ewig (Op 22:5). Ons het al vantevore iets soortgelyks geles in Op 3:21 in die brief aan die gemeente in Laodisea. Daar het Jesus beloof dat die oorwinnaars sal saam met Hom op Sy troon sit, soos wat Hy saam met Sy Vader op die troon sit. Geliefdes, jy moet dit nie mis nie: ons gaan saam met Jesus op Sy troon sit. Sien jy hoe intiem ons gemeenskap met God gaan wees? Moet my nie verkeerd verstaan nie: Jesus is steeds Koning van die konings. Maar ons heers saam met Hom, die Opper-Koning, as konings vir ewig. Ek hoop dit is duidelik: in die nuwe Jerusalem gaan ons priesters en koning wees!

Kom ons probeer dit beter verstaan en gaan weereens terug in die Bybel. Kom ons gaan terug na die skepping. In Gen 1:28b (OAV) lees ons dat God op die sesde dag aan die mens die opdrag gee dat hulle die aarde moet onderwerp en heers oor die visse in die see, die voëls in die lug en al die diere wat op die aarde kruip. Boonop moes hulle die tuin bewerk en bewaak (Gen 2:15 OAV). Duidelik het God van die begin af aan die mens 'n heersersrol gegee – oftewel 'n rol as koning. Op die sewende dag het God gerus, en Hy het dit as 'n gereelde rusdag ingestel (Gen 2:3). Soos wat die Ou Testament verder vorder, word dit duidelik dat die sabbatdag een van die feeste was wat die volk moes hou. In Eks 31:13-15 lees ons dat God van die volk verwag het om die sabbatdag, wat aan God gewy is, te hou as 'n teken dat hulle aan Hom gewy is. Die onderhouding van die sabbatdag was 'n teken dat hulle God se volk is, dat hulle Sy dienaars was. Volgens Lev 23:3 moes hulle op die sabbatdag 'n gewyde byeenkoms hou. Dit was dus God se bedoeling dat die sabbatdag 'n dag moes wees waarop Sy dienaars hulle aan Hom moes toewy. Hier is dus sprake van 'n priestersrol wat alreeds van die begin af in die sabbatdag na vore kom. Dit was tog die priesters wat offers moes bring en moes voorgaan in die aanbidding van God. Reeds van die begin van die skepping af het God 'n verantwoordelikheid aan die mens gegee beide as priesters en as konings.

In Eks 19:4-6 is die volk, na hulle verlossing uit Egipte, by Sinai. Voordat God Sy wet aan hulle gee, sê Hy dat as hulle Hom gehoorsaam en Sy verbond nakom, sal hulle 'n koninkryk wees wat God as priesters dien – hoor jy, weer die verwagting dat hulle priesters sal wees in God se koninkryk. Nou, ons het al gesien dat dit God se werking in die nuwe verbond sou verg om hulle te bring by gehoorsaamheid aan die eise van die verbond – maar wanneer dit realiseer, sal hulle 'n koninkryk van priesters wees soos wat God van die begin af voorsien het.

Die vierde gebod eis ook die onderhouding van die sabbatdag. In die vierde gebod word gesê dat hulle vir ses dae moet werk, en op die sewende dag moet rus. In die Eks 20-weergawe van die tien gebooe word die onderhouding van die sabbatdag gemotiveer omdat God op die sewende dag gerus het van Sy skeppingswerk, terwyl die Deut 5-weergawe van die tien gebooe dit motiveer vanuit die feit dat God hulle gered het uit Egipte. Ek kom netnou weer terug hierna.

Ons verstaan dat die koms van Jesus en die uitstorting van die Heilige Gees die nuwe verbond laat realiseer. Die gevolg hiervan is dat Petrus in 1 Pet 2:9 die gelowiges kan beskryf as 'n koninklike priesterdom. En in Op 5:10 sing die vier lewende wesens en die 24 ouderlinge dat die Lam mense vir God losgekoop het uit al die volke, stamme, tale en nasies, en hulle 'n koninkryk en priesters vir God gemaak het wat oor die aarde gaan regeer.

Ons het dus weereens 'n lyn wat regdeur die Bybel loop wat hier in die nuwe Jerusalem 'n hoogtepunt bereik. Kan ek dit probeer opsom soos volg:

Met die skepping, voor die sondeval ontvang die mens die opdrag om te heers oor die skepping. Hulle moet die tuin bewerk en bewaak, asook die aarde onderwerp en heers oor al die diere.

Boonop moes hulle alreeds die sabbatdag onderhou. Wat dink jy het Adam waargeneem as hy vir 6 dae lank in die tuin gewerk het, en ook selfs buite die tuin om die aarde te onderwerp? Sekerlik het hy die wonder, die detail, die kompleksiteit, die balans van God se skeppingswerk gesien. Ek dink hy moes ook gesien het hoe groot sy taak was om die aarde te onderwerp. Wat dink jy was die inhoud van sy aanbidding in sy priestersrol wanneer hy na ses dae se werk op die sabbatdag sy priestersrol vervul het terwyl hy gerus het van sy heersersrol in die skepping? Sekerlik moes hy God geloof het oor Sy skeppingswerk, m.a.w. lofoffers aan God gebring het, en ook gepleit het vir God se hulp in die uitvoer van sy verdere verantwoordelikhede beide as priester en koning.

In die Ou Testament moes die volk 6 dae werk en op die sewende dag 'n gewyde byeenkoms hou. Gedurende die ses dae was hulle gekonfronteer in hulle koningsrol beide met die wonder, grootheid en goedheid in God se skepping, maar ook met die dorings en dissels en die gevolge van sonde in die skepping. Hulle moes daardeur herinner word aan hulle behoefte aan die Verlosser wat God beloof het. En wanneer hulle op die sabbatdag hulle priestersrol vervul het in 'n gewyde byeenkoms met God, moes hulle Hom tog geloof het oor die wonder van Sy skeppingswerk, maar terselfdertyd hulle noot bekla het oor hulle verdorwenheid en gepleit het vir die koms van die beloofde Verlosser.

Sedert die aanbreek van die Nuwe Testament het die gelowiges steeds die verantwoordelikheid om ses dae te werk in uitoefening van ons koningsrol, maar ons rus nou op die eerste dag van die week – dit is op die eerste dag van die week dat ons in besonder ons priestersrol uitoefen deurdat ons ons aan die Here wy deur gewyde byeenkomste te hou – want dit is die dag waarop die beloofde Verlosser opgestaan het uit die dood. Wanneer ons op hierdie dag in hierdie byeenkomste is, mag ons God loof vir beide die wonder, grootheid en goedheid van Sy skepping, asook vir die verlossing wat Hy alreeds bewerk het. Ons mag pleit dat hierdie verlossing volledig sal realiseer in die lewens van almal wat aan Hom behoort. Ons mag selfs pleit dat die dag sal kom dat Hy alles, insluitend die skepping en ons, nuut sal maak. Daarna gaan werk ons vir ses dae, soos die volk in die Ou Testament. Selfs al word ons dan gekonfronteer met die realiteit van die sonde en die skepping wat sug, weet ons die Verlosser het al gekom, God se koninkryk is al gevestig, ons is 'n koninklike priestersdom. Ja, ons besing al Sy lof en weerkaats al Sy heerlikheid, maar ons verstaan ook dis nog gebrekkig. Ja, die koninkryk is nog nie voltallig nie, maar dit groei. Ons gaan dus steeds voort om ons verantwoordelikhede as priesters en konings uit te leef.

En dan, aan die einde van die tyd daal die nuwe Jerusalem vanaf God uit die hemel op die aarde neer. En ons, die gelowiges, is ook daar. Steeds is ons priesters en konings. As konings heers ons. Maar nou heers ons oor 'n nuwe skepping. 'n Skepping wat geen teken toon van die effek van sonde nie. 'n Skepping waar daar niks onreins is nie (Op 21:27). 'n Skepping sonder 'n enkele doring of dissels. Maar ons onthou hoe die skepping van vroeër was, en ons staan verstom oor God se herskepping van hierdie skepping. Ons onthou Rom 8:21 wat geleer het dat God die skepping gaan bevry van die verganklikheid sodat dit kan pas by die heerlikheid van die kinders van God. Ons kyk na onself – en ons sien ons het die heerlikheid van God! Ons besef en verstaan maar te goed dit was die werk van God wat dit in ons lewens uitgewerk het! Ons kyk rondom ons en ons sien die muur van die stad, sy poorte, sy fundamente – en ons sien dit alles is ook God se werk. Ons sien ons medegelowiges – en ons het almal die name van God, die Lam en die stad op ons voorkoppe. Ons sien die rivier met die water van die lewe, en ons drink daarvan. Ons sien op die walle van die rivier die bome van die lewe, en ons eet daarvan – soveel as wat ons wil. En dan sien ons die rivier vloei van die troon van God en die Lam – en dan sien ons God en die Lam – soos Hy werklik is. Ons sien hoe die heerlikheid van God en die Lam die hele stad verlig. God en die Lam en hulle werk is orals sigbaar – net waar jy kyk. En dit is doodeenvoudig heerlik!

En dan neem ons priestersrol oor! Saam met die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde, roep ons uit: “Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlijkheid en die krag, tot in alle ewigheid” (Op 5:13). Ons roep uit soos daardie groot menigte in die hemel: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam” (Op 7:10). Ons roep saam met die engele uit: “Amen! Die lof en die heerlijkheid, die wysheid, die dank en die eer, die mag en die sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!” (Op7:12). As mense wat die oorwinning behaal het, sing ons onder begeleiding van sifers wat God self vir ons gegee het, die lied van Moses, dit is ook die Lied van die Lam: “Groot en wonderbaarlik is U dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is U optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies het nou gekom en aanbid U, want ons sien dat U handelwyse regverdig is” (Op 15:3-4).

En so word Dawid se gebed in Ps 72:18-19 (OAV) vervul, waar hy gebid het: “Geloofd sy die Here God, die God van Israel, wat alleen wonders doen! En geloofd sy vir ewig Sy heerlike Naam! En laat die hele aarde met Sy heerlijkheid vervul word! Amen, ja Amen”.

In die profesie oor die komende Jerusalem in Jes 60:5 lees ons: “Jy sal dit sien en van vreugde straal, jy sal bewe van blydschap” (NAV). Of die NIV sê “your heart will throb and swell with joy”!

Kan ek jou vra: bewe jy van blydschap in afwagting as jy dink oor die komende nuwe Jerusalem?